

14 Maart - DROOGTE

Skrifgedeelte: 1Konings 17:1-16

Fokusgedeelte: 1 Konings 17:1, 3, 4, 8, 9

Die profeet Elia word veral onthou vir die dramatiese konfrontasie tussen hom en die profete van Baäl op Karmel. By dié geleentheid het Elia en die Here 'n klinkende oorwinning oor Baäl en sy profete behaal. Die Baäldiens het 'n gevoelige neerlaag gely.

Elia moes egter in die gebeure van die groot droogte voorberei word op die Karmelgebeure. Hier in die geskiedenis van 1 Konings 17 en 18 moes daar sterk opgetree word teen die Baäldiens wat aktief deur Agab en sy Sidoniese vrou Isébel bevorder is. Baäl was die Kanaänitiese god van onder andere reën en vrugbaarheid. As sodanig is na hom opgesien om die volk met goeie oeste te seën. Selfs Israelitiese boere het agter hom aan gedros. Daarom kondig die Here deur Elia 'n groot droogte aan om sy oppermag oor Baäl te illustreer en die tafel te dek vir die *grand finale* op Karmel.

Elia leer drie kosbare lesse:

- In die Kritspruit leer hy dat die Here volle beheer het oor die natuur. Hy alleen het beheer oor die waterbronne. Hy gebruik selfs vraatsugtige, onrein voëls om in 'n verskroeiende landskap vir sy gelowige kinders te sorg (vs 2-7).
- By Sarfat, in die hart van die Baäldiens, leer hy in die optrede van die weduwee dat die Here volle beheer het oor mense se gesindhede en dat Hy in hopelose omstandighede oorvloedig kan voorsien (vs 14-16).
- Steeds by Sarfat, in die gebeure rondom die sterwe en opstanding van die seuntjie (vs 17-24), leer Elia dat die Here volkome mag het oor lewe en dood en dat hy luister na die gebede van dié wat Hom dien.

Al hierdie lesse het Elia nodig gehad ten einde op Karmel daardie groot triomf vir die God van Israel oor Baäl te behaal. God se leerskool is dikwels oor die kort termyn moeilik en onverstaanbaar. Vertrou Hom egter soos Elia Hom vertrou het. Hy alleen ken die einddoel waarheen Hy met jou op pad is. Gee jou daarom aan Hom oor om voorberei en gebruik te word vir 'n doel veel groter as jyself!

Sing: Psalm 65:1, 3 (1936-beryming)

Ds Jj Cloete (Koster)